basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie AFDELING. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE CONGRESS OF SOUTH AFRICAN TRADE UNIONS (COSATU) IN DIE 1980's OP DIE APARTHEIDSREGERING SE ARBEIDSHERVORMINGS GEREAGEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Waarom, volgens die bron, het die nuutgestigte COSATU gedreig om 'n nasionale staking uit te roep? (1 x 1) (1)

1.1.2 Verduidelik waarom jy dink dat COSATU die disinvesteringsveldtog teen die apartheidsregering ondersteun het. (1 x 2) (2)

1.1.3 Definieer die term *nasionalisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Wat word deur die stelling, 'dat dit [COSATU] tot een-persoon-een-stem in 'n verenigde Suid-Afrika verbind is', in die konteks van sy rol as 'n arbeidsbeweging geïmpliseer? (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Waarom, dink jy, is hierdie plakkaat geskep? (2 x 2) (4)

1.2.2 Identifiseer bewyse in die bron wat aandui dat hierdie 'n COSATU-plakkaat was. (1 x 2) (2)

1.2.3 Lewer kommentaar op die beperkings van hierdie bron vir 'n navorser wat COSATU se reaksie op die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge bestudeer. (2 x 2) (4)

1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop sinspeel dat anti-apartheidsgroepe negatief deur die noodtoestand beïnvloed is. (1 x 2) (2)

1.3.2 Noem die TWEE radikale organisasies wat vir die polisie 'n groter bron van kommer was, volgens Johan van der Merwe. (2 x 1) (2)

1.3.3 Waarom, dink jy, het die regering COSATU verbied om veldtogte vir die ontbanning van die ANC en die vrylating van politieke gevangenes te loods? (1 x 2) (2)

1.3.4 Verduidelik die konsep *sanksies* in die konteks van COSATU se posisie om weerstand te bied teen die apartheidsregering. (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Wat, volgens die bron, was die TWEE uitdagings waarop COSATU se spesiale kongres op 14 Mei 1988 moes reageer? (2 x 1) (2)

1.4.2 Maak 'n lys van DRIE maniere uit die bron wat toon hoe die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge werkers en hulle unies sou beïnvloed. (1 x 3) (3)

1.4.3 Verduidelik die betekenis van die stelling, COSATU is die 'reg (ontsê) om op die nasionale politieke terrein te werk', in die konteks van beperkings wat deur die regering afgedwing is. (1 x 2) (2)

1.4.4 Lewer kommentaar op wat geïmpliseer word met die woorde dat 'COSATU nie sonder 'n stryd sal opgee nie', in die konteks van die dreigement wat deur die apartheidsregering daargestel is. (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na Bron 1B en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1D met betrekking tot COSATU se reaksie op die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe COSATU in die 1980's op die apartheidsregering se arbeidshervormings gereageer het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) LEIERS VAN DIE APARTHEIDSREGERING BLOOTGELÊ VIR GROWWE MENSEREGTESKENDINGS WAT TUSSEN 1960 EN 1994 GEPLEEG IS?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die bron, het die Nasionale Party die idee van 'n Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) ondersteun? (1 x 2) (2)

2.1.2 Definieer die term *amnestie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.3 Waarom, dink jy, het swart Suid-Afrikaners verduidelikings van oortreders geëis, en nie net onthullings deur die Nasionale Party nie? (1 x 2) (2)

2.1.4 Verduidelik die implikasie van die Minister van Justisie, Dullah Omar, se stelling oor die WVK: '… om Suid-Afrikaners in staat te stel om ... met die verlede vrede te maak en om die saak van versoening te bevorder'. (2 x 2) (4)

2.1.5 Wat, volgens die bron, was die menings van die volgende oor die toestaan van algemene amnestie deur die WVK?

(a) De Klerk (1 x 1) (1)

(b) ANC (1 x 1) (1)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Haal DRIE bewyse uit die bron aan wat daarop sinspeel dat Botha se regering in die laat 1970's die 'gebied van kriminele wangedrag' betree het. (3 x 1) (3)

2.2.2 Verduidelik die term *derde mag* in die konteks van die apartheidsregering se manier waarop die ANC hanteer is. (1 x 2) (2)

2.2.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink De Klerk het nie opgetree na die bewerings wat deur Generaal Steyn oor derdemag-aktiwiteite gemaak is nie. (2 x 2) (4)

2.2.4 Wie, volgens die bron, was betrokke by die bombardering van Khotso House? (1 x 1) (1)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik die belangrikheid van die frase, 'UITEINDELIK, 'N GROTE!', in die konteks van die amnestieproses. (1 x 2) (2)

2.3.2 Wat is die implikasie van TUTU se woorde, 'JY MOES DIÉ GESIEN HET WAT WEGGEKOM HET …', ten opsigte van die WVK-proses? (2 x 2) (4)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Wat, volgens die bron, was T Leon se siening oor hoe die Nasionale Party sy voetsoldate behandel het? (1 x 2) (2)

2.4.2 Waarom, volgens die bron, het P Erasmus genoem dat, '… ek daardie ou woede nog so warm soos altyd in my binneste gevoel brand (het)', met betrekking tot die vergaderings tussen oud-ministers, generaals en die Staatsveiligheidsraad oor hoe om teen die WVK op te tree? (1 x 2) (2)

2.4.3 Lewer kommentaar op waarom die voetsoldate gevoel het dat die leierskap van die regerende party deur wie hulle aangestel is, hulle weggegooi het. (1 x 2) (2)

2.4.4 Waarom sou 'n geskiedkundige hierdie bron as betroubaar beskou wanneer die aanspreeklikheid van die Nasionale Party-leierskap teenoor die WVK-prosesse nagevors word? (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2D ondersteun met betrekking tot hoe die leierskap van die apartheidsregering gedurende die WVK-verhore aanspreeklikheid vermy het. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die leiers van die apartheidsregering blootgelê het vir growwe menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET MAGTIGE INTERNASIONALE FINANSIËLE INSTELLINGS, NAAMLIK DIE INTERNASIONALE MONETÊRE FONDS (IMF) EN DIE WÊRELDBANK, SEDERT DIE 1980's DIE GEGLOBALISEERDE EKONOMIEË GEVORM?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Definieer die term *geglobaliseerde ekonomieë* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Gee VIER punte van kritiek oor globalisering soos in die bron genoem. (4 x 1) (4)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op hoe magtige nasies en finansiële instellings uit die implementering van globalisering 'van bo af' voordeel trek. (1 x 2) (2)

3.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die ervaring van globalisering 'van onder af' vir Afrika voordelig sou wees. (1 x 2) (2)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Haal VIER bewyse uit die bron aan om aan te dui dat Afrika se ervaring van die globale krisis in die 1980's tot 'n afhanklike verhouding met die Weste gelei het. (4 x 1) (4)

3.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom sommige Afrika-lande huiwerig was om hulp van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank te aanvaar. (1 x 2) (2)

3.2.3 Wat dink jy is die implikasie van die stelling, '… nie sedert die dae van kolonialisme het eksterne magte so kragdadig daarop gefokus om Afrika se ekonomiese struktuur ... te vorm nie', oor die invloed van die IMF en die Wêreldbank? (1 x 2) (2)

3.2.4 Verduidelik die term *strukturele aanpassings* in die konteks van die beleide van internasionale finansiële instellings ten opsigte van Afrikalande. (1 x 2) (2)

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik of jy die opskrif 'Afhanklikheidsteorie' ('Dependence Theory') as geskik vir hierdie spotprent beskou. (2 x 2) (4)

3.3.2 Waarom, dink jy, beeld die spotprenttekenaar 'ryk nasies' as oorgewig uit? (1 x 2) (2)

3.4 Bestudeer Bron 3D.

3.4.1 Identifiseer TWEE posisies in die bron wat J Stiglitz beklee het voordat hy die wêreld van beleidsformulering betree het. (2 x 1) (2)

3.4.2 Lewer kommentaar op waarom globalisering oor die algemeen met ontwikkeling geassosieer word. (1 x 2) (2)

3.4.3 Gee TWEE voorbeelde van projekte wat in die bron genoem word, wat uit buitelandse hulp voordeel getrek het. (2 x 1) (2)

3.4.4 Wat word geïmpliseer met die stelling: 'Maar vir baie in die ontwikkelende wêreld het globalisering nie die beloofde ekonomiese voordele gebring nie'? (1 x 2) (2)

3.4.5 Verduidelik die bruikbaarheid van die bron vir 'n geskiedkundige wat globalisering bestudeer. (2 x 2) (4)

3.5 Gebruik Bron 3C en Bron 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3C verskil van die bewyse in Bron 3D oor die impak van globalisering op die Afrikalande. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik hoe magtige internasionale finansiële instellings, naamlik die Internasionale Monetêre Fonds en die Wêreldbank, sedert die 1980's die geglobaliseerde ekonomieë gevorm het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

Die Swartbewussynsbeweging het geglo dat swart mense hulself sielkundig moet bevry en selfstandig moet wees in hulle stryd om die apartheidsregering van die 1970's uit te daag.

Stem jy met die stelling saam? Gebruik relevante bewyse om jou argument te staaf. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Die pad na demokrasie is gekenmerk deur die voortdurende voorkoms van geweld en konflik wat nie daarin geslaag het om die eerste demokratiese verkiesings in 1994 in Suid-Afrika te voorkom nie.

Bespreek hierdie stelling krities. Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Verduidelik tot watter mate Gorbachev se hervormings in die middel 1980's in die Sowjetunie FW de Klerk beïnvloed het om politieke hervormings in te stel, wat die weg gebaan het vir onderhandelinge vir 'n demokratiese Suid-Afrika.

Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2023

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

**VRAAG 1: HOE HET DIE CONGRESS OF SOUTH AFRICAN TRADE UNIONS (COSATU) IN DIE 1980's OP DIE APARTHEIDSREGERING SE ARBEIDSHERVORMINGS GEREAGEER?**

**BRON 1A**

Die artikel hieronder is op 6 Desember 1985 in *The Namibian*-koerant gepubliseer. Dit verduidelik gebeurtenisse wat tydens die stigtingskonferensie van die Congress of South African Trade Unions (COSATU) afgespeel het en beskryf ook COSATU se rol as 'n arbeidsbeweging.

Die Congress of South African Trade Unions (COSATU), wat verlede naweek by 'n saamtrek van stapel gestuur is en deur meer as 10 000 werkers in Durban bygewoon is, beloof om die moeilikste uitdaging, wat nog in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse arbeidsbeweging gesien is, aan die regering en nywerheid te bied. Leiers van die nuwe superfederasie het reeds gedreig om 'n nasionale staking uit te roep as die regering sy dreigement uitvoer om trekarbeiders te repatrieer (terug te stuur) en het onderneem om werkers in die tuislande uit minagting teen beperkings op vakbonde in hierdie streke te organiseer. In beleidsriglyne wat tydens die stigtingskonferensie aanvaar is, het die Congress ook na vore gekom ter ondersteuning van disinvestering (onttrekking van beleggings), sowel as die uiteindelike nasionalisering van Suid-Afrika se myne en ander groot nywerhede.

Met die klem op die politieke rol wat die nuwe federasie beoog om te speel, het COSATU se president, Elijah Barayi, gesê die Congress hoop om die vakuum te vul wat deur die verbanning van die African National Congress (ANC) geskep is en dat dit tot een-persoon-een-stem in 'n verenigde Suid-Afrika verbind is. Die Congress het ook 'n oproep gedoen om 'n nasionale minimum loon, 'n 40 uur-werkweek teen volle betaling, 'n verbod op oortyd en die stigting van 'n nasionale werkersvakbond vir werkloses as 'n affiliasie van die federasie. Met 'n lidmaatskap van 'n halfmiljoen, al die 150 000 lede van die National Union of Mineworkers (NUM) en die 100 000 lede van die Federation of South African Trade Unions (FOSATU) ingesluit, word die stigting van COSATU as 'n triomf (oorwinning) vir vakbondwese beskryf.

[Uit *The Namibian*, 6 Desember 1985]

**BRON 1B**

Die plakkaat hieronder, wat deur COSATU se mediawerker, Patrick Cockayne, ontwerp is, demonstreer COSATU se verset teen die apartheidsregering se Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge wat in 1987 voorgestel is.




[Uit *Red on Black: The Story of the South African Poster Movement* deur J Seidman]

**NEE! vir die Arbeidswet**

**NEE! vir beperkings**

**'N ONREG AAN EEN IS 'N ONREG AAN ALMAL**

**VOORWAARTS MET COSATU**
**Spesiale Kongres**
**JOHANNESBURG MEI 14–15 1988**

**BRON 1C**

Die uittreksel hieronder, geneem uit *The Washington Post,* is op 25 Februarie 1988 gepubliseer. Dit verduidelik die apartheidsregering se sterk optrede teen COSATU en ander anti-apartheidsorganisasies.

Die verordening (wet), wat deur Adriaan Vlok, Minister van Wet en Orde, aangekondig is, sê dat die United Democratic Front (UDF) en ander ingeperkte anti-apartheidsgroepe (COSATU ingesluit) mag voortbestaan en nie verbied sal word om finansiële rekords te hou, administratiewe funksies te verrig of 'n verpligting wat deur of onder enige wet of geregshof opgelê is, na te kom nie. Maar hulle sal die Minister van Wet en Orde se toestemming moet kry om enige ander aktiwiteite uit te voer. Vlok het gesê dat ondanks noodregulasies wat reeds van krag is, sommige opposisiegroepe volgehou het om 'n revolusionêre klimaat te vestig, in stand te hou en te bevorder.

Johan van der Merwe, Veiligheidspolisiehoof, het in November op die moontlikheid van sulke sterk optrede gesinspeel toe hy aan verslaggewers gesê het dat wettige radikale organisasies, soos die UDF en COSATU, 'n groter bron van kommer vir die polisie is as onwettige groepe soos die African National Congress (ANC).

COSATU, wat begin het om die organisatoriese vakuum te vul wat deur die aanhouding van die meeste van die UDF se nasionale en streeksleiers geskep is, word nou verbied om hom te beywer vir die wettiging van onwettige organisasies soos die ANC, om op die vrylating van aangehoudenes aan te dring, teen boikotte van plaaslike swart verkiesings en om 'n beroep te doen op disinvesterings of sanksies teen Suid-Afrika (SA).

[Uit *The Washington Post*, 25 Februarie 1988]

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

**BRON 1D**

Die bron hieronder beklemtoon maatreëls wat op 14 Mei 1988 deur COSATU tydens sy spesiale kongres aanvaar is. Dit was in antwoord op die dreigement wat deur die apartheidsregering se beperkings en die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge daargestel is.

Die spesiale kongres is belê in reaksie op twee spesifieke uitdagings aan COSATU:

Die regering se beperkings op 24 Februarie, wat COSATU wetlik beperk het tot 'n beperkte reeks van fabrieksvloer-vakbondwese en effektief 17 ander organisasies verbied het, onder wie die United Democratic Front (UDF), 'n nabye en formele COSATU-bondgenoot; en die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 'n wetsontwerp wat volgens die Minister van Mannekrag, Pietie du Plessis, ten doel gehad het om die 'balans in nywerheidsverhoudinge ten gunste van die werkgewer te herstel'. Selfs nadat dit effens versag is in die finale konsep wat 24 uur na die spesiale kongres aan die Driekamerparlement voorgelê is.

Die wetsontwerp sal werkers se reg om te staak aansienlik beperk, vakbonde oopstel vir siviele aksie vir verliese gely deur hulle lede se optrede en solidariteitsoptrede in nywerheidsgeskille verbied. Gesamentlik het die beperkings en die wetsontwerp gepoog om COSATU 'n reg te ontsê wat in die wese van sy bestaan ingeweef is: die reg om op die nasionale politieke terrein te werk, beide om sy lede se fabrieksvloer-eise te volbring, en in hulle breër, politieke belange. 'Gesamentlik verbied die hele wetsontwerp en die beperkings COSATU effektief,' het Hoofsekretaris Jay Naidoo op 25 Februarie gesê.

Die dubbele bedreiging van die beperkings en die wetsontwerp het verskeie dinge van COSATU geëis: 'n Onmiddellike en beslissende reaksie as 'n waarskuwing aan werkgewers en die regering dat COSATU nie sonder 'n stryd sal opgee nie, en om steun vir verdere weerstand te genereer; voortdurende agitasie en optrede om spesifiek aan werkgewers te demonstreer dat steun aan die wetsontwerp hulle dalk meer sou kos as wat dit werd was.

[Uit *Work in Progress,* Uitgawe Nr. 54, Junie–Julie 1988]

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) LEIERS VAN DIE APARTHEIDSREGERING BLOOTGELÊ VIR GROWWE MENSEREGTESKENDINGS WAT TUSSEN 1960 EN 1994 GEPLEEG IS?**

**BRON 2A**

Die bron hieronder is geneem uit 'n biografie van FW de Klerk, die leier van die Nasionale Party, met die titel *A Question of Balance: A Biography of FW de Klerk* geskryf deur John Cameron-Dow.

… Die Nasionale Party het die idee van 'n Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) gesteun om verantwoordelikheid te vermy. Hulle benadering was om die konsep van amnestie gebou. Hulle siening was dat die onthulling van misdade wat in die verlede gepleeg is, met vrystelling van vervolging vergoed moes word. Dit was nie so eenvoudig nie; swart Suid-Afrikaners was heeltemal geregverdig in hulle eise vir verduidelikings. Boonop was die werktuig van hulle vryheid, die African National Congress (ANC), nou aan bewind. Die omvang en aard van die kommissie sou deur Mandela en sy regering bepaal word.

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie is ná die toepassing van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening in 1995 ingestel. Drie komitees is saamgestel om die kommissie se mandaat uit te voer, deur die Minister van Justisie, Dullah Omar, beskryf as ' 'n noodsaaklike oefening om Suid-Afrikaners in staat te stel om op 'n moreel aanvaarbare grondslag met die verlede vrede te maak en om die saak van versoening te bevorder'.

FW de Klerk volstaan met sy mening dat 'n proses vereis is om Suid-Afrikaners in staat te stel om met die konflik van die verlede vrede te maak in 'n gees van versoening en om sonder verwyte met die toekoms voort te gaan. Hy is ook bekend daarvoor dat hy ten gunste van 'n algemene amnestie vir oortreders van politiek-geïnspireerde geweld was. 'n Algemene amnestie het baie teen ANC-denke ingegaan. Dit is nou algemene kennis dat verskriklike misdade in die naam van staatsveiligheid, veral gedurende die laaste jare van PW Botha se presidentskap, gepleeg is. Maar hoe kon FW de Klerk, 'n senior kabinetslid, nie bewus wees van die gruweldade wat gepleeg is nie; daar was sekerlik 'n gesamentlike sameswering (betrokkenheid) op kabinetsvlak.

[Uit *A Question of Balance: A Biography of FW de Klerk* deur J Cameron-Dow]

**BRON 2B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n boek geskryf deur M Meredith, wat in die 1990's as 'n korrespondent vir die koerante *The London Observer* en die *Sunday Times* gewerk het. Dit fokus op hoe die bevindinge van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die gruweldade wat vanaf die laat 1970's deur die Nasionale Party-regering gepleeg is, blootlê.

Nadat die kriteria vir aanspreeklikheid vasgestel is, het die WVK sy uitspraak oor die belangrikste protagoniste (karakters) gelewer. Dit was Botha se regering in die laat 1970's, het die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) verklaar, wat die 'gebied van kriminele wangedrag' betree het. Vorige regerings het deur onderdrukking regeer, maar Botha se regering het 'n beleid van die doodmaak van sy opponente aanvaar. Hulle was ook verantwoordelik vir die wydverspreide gebruik van marteling, ontvoering, brandstigting en sabotasie. Gedurende vergaderings van die Staatsveiligheidsraad het van sy vernaamste lede, Botha, Malan, Vlok en die hoofde van die sekuriteitsmagte ingesluit, terminologie soos 'elimineer, uithaal en uitwis' gebruik, wel wetende dat dit tot die moord van politieke opponente sou lei.


Die 'gebied van kriminele wangedrag' het tot in FW de Klerk se ampstermyn uitgebrei. Die WVK was baie krities oor FW de Klerk se mislukking om die probleem van die 'derde mag' – 'n netwerk van sekuriteitsmaglede en verregse groepe wat gepoog het om enige oorgang wat tot 'n African National Congress (ANC)-regering sou lei, te ontwrig. Alhoewel die WVK erken het dat FW de Klerk stappe gedoen het om die nasionale veiligheidsbestuurstelsel, wat hy van Botha geërf het, te ontbind, het die WVK gesê dat hy 'min duidelike pogings aangewend het om derdemag-aktiwiteite aan bande te lê' en pleidooie van senior offisiere soos Generaal Steyn, die Weermag Hoof van Personeel, om 'n deeglike ondersoek in te stel, geïgnoreer het. Hy het nie daarin geslaag om tot aksie oor te gaan nie, was die slotsom waartoe die WVK gekom het, 'óf opsetlik óf deur weglating'.

Die WVK het getuienis aangehaal dat hulle gehoor het dat FW de Klerk daarvan bewus was dat sy kommissaris van polisie, Van der Merwe, by onwettige aktiwiteite ten opsigte van die bombardement van Khotso House betrokke was, en tog het hy steeds sy posisie as die mees senior polisieman in die land behou.

[Uit *Coming to Terms – South Africa's Search for Truth* by M Meredith]

**BRON 2C**

Die bron hieronder is deur Zapiro geteken en vir die eerste keer op 2 Augustus 1998 in die *Sun. Times* gepubliseer. Dit beeld die apartheidsregering se kabinetministers uit wat tussen 1960 en 1994 aanspreeklikheid vir menseregte-oortredings ontduik het.




[Uit *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years on* deur C Villa-Vicencio en F du Toit]

**<u>TEKS IN SPRAAKBORRELS</u>**

**UITEINDELIK, 'N GROTE!**

**JY MOES DIÉ GESIEN HET WAT WEGGEKOM HET …**

**BRON 2D**

Die uittreksel hieronder is geneem uit die skuldbekentenisse wat deur P Erasmus, 'n lid van die veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP), gemaak is. Hy lê die donker geheime van die apartheidsera-polisiëringstelsel bloot, wat in die vroeë 1980's deur die Nasionale Party-kabinet en die Staatsveiligheidsraad beveel is.

Die leier van die Demokratiese Party, Tony Leon, het dit opgesom toe hy gesê het dat dit lyk asof die Nasionale Party sy rug gedraai het op die voetsoldate, wat deur hulle politieke leiers aangemoedig is om terreurdade teen die mense van Suid-Afrika te pleeg.

Johan van der Merwe het later teen sy voormalige base gedraai en erken dat FW de Klerk inderdaad oor alle geheime projekte gedurende die laaste vier jaar van sy regering ingelig is. Van der Merwe het egter ook teen voormalige lede van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) gedraai deur sy naam op die kwytskeldingslys (beskerming) van 3 500 polisiebeamptes te sit wat FW de Klerk goedgekeur het, net voor hy in die April 1994-verkiesings deur Mandela vervang is. As 'n uitdrukking van solidariteit met die SAP van sy era het FW de Klerk sy eie naam ook op daardie lys geplaas.

Toe dit gerapporteer is dat FW de Klerk, sommige oud-ministers en generaals wat by die Staatsveiligheidsraad betrokke was, reeds drie keer ontmoet het en die vierde vergadering beplan het om hulleself voor te berei vir wat soos die naderende aanslag van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) moes gevoel het, het ek daardie ou woede nog so warm soos altyd in my binneste gevoel brand. Seer sekerlik was die konsep van 'n waarheidskommissie dat elke indiwidu voor die kommissie verskyn en alleen hulle storie vertel, want dit is wat hulle verkies het om te doen – vir watter rede ook al.

Ons, die voetsoldate, was beleër (beïnvloed), nie soseer deur ons gewete nie, maar deur die feit dat ons misken en verwerp is, weggegooi deur diegene wat 'n regering verteenwoordig het wat ons aangestel het om dood te maak, te vermink (om in stukke te sny) en te martel. Dit is die waarheid. Ons kon eenvoudig nie daaroor kom nie.

[Uit *Confessions of a Stratcom Hitman* deur P Erasmus]

## VRAAG 3: HOE HET MAGTIGE INTERNASIONALE FINANSIËLE INSTELLINGS, NAAMLIK DIE INTERNASIONALE MONETÊRE FONDS (IMF) EN DIE WÊRELDBANK, SEDERT DIE 1980's DIE GEGLOBALISEERDE EKONOMIEË GEVORM?

### BRON 3A

Die uittreksel hieronder is geneem uit 'n boek deur T Falola en B House-Soremekun. Dit verduidelik hoe globalisering die Afrika-kontinent negatief beïnvloed.

Globalisering stel Afrika en swart mense as gemarginaliseerd (onbelangrik) voor: globaliserende ekonomieë soek hulpbronne vanuit alle uithoeke van die wêreld, en geglobaliseerde ekonomieë trek aansienlike voordele uit hulle ekonomieë en politieke oorheersing. Die *Wealth of Nations*, om uit Adam Smith se beroemde boek te leen, word gebruik, nie net om die hulpbronne binne die grense van nasiestate te ontwikkel nie, maar ook om die hulpbronne van ander lande te benut. Afrika het meer aan die buitewêreld gegee as wat dit teruggekry het en die basis gelê om oor die armoede van nasies te praat, die uiterste hoogtepunt van menslike vooruitgang. Globalisering se kritici verwys na die vernietiging van die omgewing, klimaatsverandering, uitputting (vermindering) van natuurlike en minerale hulpbronne, arbeidsuitbuiting …

Afrika is die gevallestudie van beide posisies, wat voorbeelde van die voordele en probleme van globalisering verskaf. Afrika ervaar globalisering 'van bo af', dit wil sê, 'n situasie waar magtige lande en maatskappye met meer hulpbronne in staat is om die hoofaksies en -beleide, wat die eienskappe van globale ontmoetings bepaal, te beheer. Indien Afrika deel is van die globaliseringsvergelyking 'van onder af', sal enige bespreking oor sy plek in die globale stelsel ons by aspekte van nasionalisme en weerstand betrek – hoe Afrikane hulleself kan mobiliseer om mag en voorregte te wen en hoe internasionale instellings hervorm moet word. Die akteurs wat globalisasie van bo af beheer, doen 'n beroep op Afrikalande om demokrasie te beoefen, maar dieselfde demokratiese beginsels is nie op die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad van toepassing nie, waar 'n handjievol lande vetoreg (om te verwerp) het.

[Uit *Globalisation and Sustainable Development in Africa* deur T Falola en B House-Soremekun]

**BRON 3B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n boek deur BK Campbell en J Loxley. Dit beklemtoon die impak van globalisering deur internasionale finansiële instellings, naamlik die Internasionale Monetêre Fonds en die Wêreldbank, in die 1980's op Afrikalande.

Die voorwaardes waarmee Afrika-regerings op die globale krisis van die vroeë 1980's moes reageer, het die uitwerking gehad dat hulle deur nuwe vorme van afhanklike verhoudings met Westerse regerings en internasionale finansiële organisasies ingesluit is. In besonder het die akute betalingsbalanskrisisse waaronder die meeste Afrikastate in onlangse jare gely het, en die gepaardgaande ontwrigting van plaaslike produksie, die kontinent se vermoë ondermyn om buitelandse skuld, wat in beter tye aangegaan is, te betaal. Baie lande is inderdaad gedwing om skuld aan te gaan in 'n poging om ekonomiese ineenstorting af te weer (herstel) en/of in 'n poging om ekonomiese herstel te stimuleer. Hulle het hulle veral na die Internasionale Monetêre Fonds en die Wêreldbank gewend vir betalingsbalanslenings.

Gewoonlik het hulle dit teen hulle wil gedoen en omdat hulle ander moontlikhede om finansies te bekom, uitgeput het. Soms dring banke se bilaterale skenkers en ander bronne van befondsing daarop aan dat Afrika-regerings by internasionale instellings leen, as 'n voorwaarde om hulle eie bydrae tot betalingsbalanshulp te handhaaf.

Nog nooit tevore het die internasionale finansiële instellings so 'n omvattende invloed op beleidsformulering in Afrika uitgeoefen nie; nie sedert die dae van kolonialisme het eksterne magte so kragdadig daarop gefokus om Afrika se ekonomiese struktuur en die aard van sy deelname aan die wêreldstelsel te vorm nie.

Strukturele aanpassings, soos deur die internasionale instellings bevorder, streef daarna om groei en stabiliteit te herstel deur relatiewe pryse, plaaslike uitgawes en die tipe en graad van staatsingryping in die ekonomie te verander.

[Uit *Structural Adjustment in Africa* deur BK Campbell en J Loxley]

**BRON 3C**

Hierdie spotprent met die titel 'Afhanklikheidsteorie' ('Dependence Theory') is uit die boek *The Development of Underdevelopment* deur AG Frank geneem. Dit werp lig op 'n standpunt ten opsigte van die afhanklikheidsteorie.




[Uit *The Development of Underdevelopment* deur AG Frank]

**BRON 3D**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n boek met die titel *Globalisation and Its Discontents* deur J Stiglitz. Dit deel sy persoonlike ervaringe om vir magtige finansiële instellings te werk.

In 1993 het ek die Academia (universiteit) verlaat om op die Raad van Ekonomiese Adviseurs onder President Bill Clinton te dien. Na jare van navorsing en onderrig was hierdie my eerste poging tot beleidsformulering, en meer presies, politiek. Daarvandaan het ek in 1987 na die Wêreldbank verskuif, waar ek vir ongeveer drie jaar as hoofekonoom en senior visepresident gedien het, waarna ek in Januarie 2000 weggegaan het. Ek kon nie 'n meer fassinerende tyd gekies het om in beleidsformulering te gaan nie. Ek was in die Withuis toe Rusland sy oorgang vanaf kommunisme begin het, en ek het by die Wêreldbank gewerk gedurende die finansiële krisis wat in 1987 in Oos-Asië begin het en die wêreld uiteindelik omsluit het.

Ek het nog altyd in ekonomiese ontwikkeling belanggestel en wat ek gesien het, het my standpunte oor beide globalisering en ontwikkeling radikaal verander. Buitelandse hulp, 'n ander aspek van die geglobaliseerde wêreld, het ten spyte van al sy foute nog steeds voordele vir miljoene gebring, dikwels op maniere wat amper ongesiens verbygegaan het: guerrillas in die Filippyne is deur 'n Wêreldbankgefinansierde projek van werk voorsien toe hulle al hulle wapens neergelê het, besproeiingsprojekte het die inkomste van boere, wat gelukkig genoeg was om water te kry, meer as verdubbel, opvoedkundige projekte het geletterdheid na die landelike gebiede geneem, in 'n paar lande het Vigs-projekte gehelp om die verspreiding van hierdie dodelike siekte te stuit.

Diegene wat globalisering kritiseer, sien dikwels nie die voordele raak nie. Maar die ondersteuners van globalisering is, indien enigiets, selfs meer ongebalanseerd. Vir hulle is globalisering (wat tipies verbind word met die aanvaarding van triomfantelike kapitalisme, Amerikaanse styl) vooruitgang; ontwikkelende lande moet dit aanvaar as hulle wil groei en armoede effektief wil beveg. Maar vir baie in die ontwikkelende wêreld het globalisering nie die beloofde ekonomiese groei gebring nie.

[Uit *Globalisation and Its Discontents* deur J Stiglitz]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Cameron-Dow, J. 2016. *A Question of Balance: A Biography of FW de Klerk,* JCD Publishers, VSA.

Campbell, B en Loxley J. 1989. *Structural Adjustment in Africa,* St Martin's Press Inc., VSA.

Erasmus, P. 2021. *Confessions of a Stratcom Hitman,* Jacana Media, Suid-Afrika.

Falola, T en House-Soremekun, B. 2011. *Globalisation and Sustainable Development in Africa,* University of Rochester Press, Verenigde Koninkryk.

Frank, AG. 2005. *The Development of Underdevelopment*, New England Free Press, VSA.

Meredith, M. 1999. *Coming to Terms – South Africa's Search for Truth,* Public Affairs, VSA.

Seidman, J. 2008. *Red on Black: The Story of the South African Poster Movement*, STE Publishers, Suid-Afrika.

Stiglitz, J. 2002. *Globalisation and Its Discontents,* WW Norton & Company, VSA.

*The Namibian*, 6 Desember 1985

*The Washington Post*, 25 Februarie 1988

Villa-Vicencio, C en Du Toit, F. 2006. *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years on,* David Phillip, Suid-Afrika.

*Work in Progress,* Uitgawe Nr. 54, Junie–Julie 1988, Publication of the Southern African Research Service.

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2023

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 30 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

___________ . __________________________ . _________________________
_____________________________________________ . _________________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante <u>inleiding</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke <u>hoofaspek/liggaam</u> van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante <u>slotopmerking</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van ŉ opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling __________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in inhoud dekking.
Pogings om 'n argument volte hou

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | **VLAK 7** <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 6** <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | **VLAK 5** <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 4** <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | **VLAK 3** <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | **VLAK 2** <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | **VLAK 1*** <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

**VRAAG 1: HOE HET DIE CONGRESS OF SOUTH AFRICAN TRADE UNIONS (COSATU) IN DIE 1980's OP DIE APARTHEIDSREGERING SE ARBEIDSHERVORMINGS GEREAGEER?**

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- '... as die regering sy dreigement uitvoer om trekarbeiders te repatrieer (terug stuur)
- 'en het onderneem om werkers in die tuislande teen beperkings op vakbonde in hierdie streke te organiseer'

(enige 1 x 1) (1)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Om druk op die Suid-Afrikaanse regering te plaas om sy apartheid beleid te verander/ afbreek
- Om Suid-Afrika van die res van die wêreld te isoleer, afsny van buitelandse ondersteuning deur sanksies in te stel
- COSATU was aan die ANC verbind wat disinvestering taktieke gebruik het om die stryd teen apartheid te verskerp
- Om die apartheidsregering te dwing om sy beleid te verander wat na beter werksomstandighede vir werkers sou lei
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Definisie van term uit Bron 1A – V1]*

- Ekonomiese beleid wat die bronne van produksie onder die beheer van die staat plaas
- Ekonomiese beleid wat privaateiendom beperk en eienaarskap van ekonomiese bronne deur die staat bevorder
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- COSATU was nie net by arbeidkwessies betrokke nie maar ook by politieke aangeleenthede
- COSATU het die doelwitte van die vryheidstryd ondersteun- het beywer vir die reg van alle Suid-Afrikaners om te stem/demokratiese regte
- Alle Suid-Afrikaners moet hul stemreg in 'n verenigde Suid-Afrika uitvoer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Om werkers te mobiliseer om die stryd teen die Arbeidsverhoudinge-wysigingswetsontwerp/wet te ondersteun
- Om ondersteuning en solidariteit vanaf die breë sektor van die samelewing teen die Arbeidsverhoudinge-wysigingswetsontwerp/ wet te kry
- Om die stryd teen die beperkings te toon wat die Arbeidsverhoudinge-wysigingswetsontwerp/wet op werkers en hul unies wou plaas
- Om hul lede(COSATU) in kennis te stel van die beplande spesiale kongres wat in Johannesburg op 14-15 Mei 1988 gehou word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Die COSATU embleem
- 'VOORWAARTS MET COSATU'
- ''N ONREG AAN EEN IS 'N ONREG AAN ALMAL'
- 'Spesiale Kongres JOHANNESBURG 14-15 MEI 1988'
- 'Werkers'
- 'NEE! vir die arbeidswet'
- 'NEE! vir beperkings'
- 'ORGANISEER'
- 'BIED WEERSTAND'
- 'Fabrieke (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Bepaal beperkings van Bron 1B-V3]*

**Die bron is beperk omdat:**

- Dit is deur COSATU mediawerker (Patrick Cockayne) ontwerp wie heftig teen die regering en sy regulasies gekant is
- Dit maak slegs voorsiening vir COSATU se perspektief/ eensydige perspektief
- Dit is gekant teen die regering se instelling van die WWAV wat vakbonde beperk
- Dit gebruik roerende taal NEE! NEE! om mobilisasie teen die wetgewing van die WWAV te beïnvloed
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- '... hulle sal die minister van wet en orde se toestemming moet kry om enige ander aktiwiteite uit te voer' (1 x 2) (2)

1.3.2 *Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- 'UDF'
- 'COSATU' (2 x 1) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Die apartheidsregering vrees dat die ANC en COSATU-leiers mense teen die regering sou mobiliseer en'n sterk opposisie teen die regering vorm
- Hulle beskou die ANC en COSATU as marionette van die Sowjetunie
- Die ANC en ander politieke gevange was as 'n dreigement vir die apartheidsregering beskou
- Die vryheidstryd sou bespoedig word indien die ANC nie verban is nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.4 *[Verduideliking van konsep uit Bron 1C – V2]*
- Veldtogte wat deur COSATU en verbonde organisasies georganiseer is vir die implementering van ekonomiese straf maatreëls (handelsboikotte) om Suid-Afrika van die wêreld te isoleer sodat dit sy apartheid beleid kon verander
- Formele/amptelike blok van ekonomiese, kulturele, politieke verhoudings tussen buitelandse lande en die apartheidsregering van SA om dit te dwing om apartheid te stop
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4 1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*'
- 'regering se beperkings op 24 Februarie, (wat COSATU wetlik beperk het tot 'n beperkte reeks van fabrieksvloer-vakbondwese en effektief 17 ander organisasies verbied het...)
- 'Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge'(werkers se reg om te staak aansienlik beperk/vakbonde oopstel vir siviele aksie vir verliese gely deur hul lede se optrede / solidariteitsoptrede in nywerheidsgeskille verbied) (enige 2 x 1) (2)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- '... werkers se reg om te staak aansienlik beperk ...'
- '... vakbonde oopstel vir siviele aksie vir verliese gely deur hul lede se optrede ...'
- '... solidariteitsoptrede in nywerheidsgeskille verbied'
- ten doel gehad het om die 'balans in nywerheidsverhoudinge ten gunste van die werkgewer te herstel'

(enige 1 x 3) (3)

1.4.3 *Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Om te voorkom dat COSATU die regering nasionaal (polities) uitdaag
- COSATU kon nie sy lede op nasionale vlak(polities) mobiliseer nie omdat dit op werkers se regte op fabrieksvlak gefokus het
- Regte van werkgewers was beskerm
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- COSATU aanvaar nie die regering se beperkings en WWAV nie
- COSATU sou weerstand bied en die regering se pogings om dit te verban, uitdaag/opoffering maak vir werkers regte
- COSATU sou werkers mobiliseer vir massa demonstrasies teen hul werkgewers en regering
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1B en 1D – V3]*
- Bron 1B is 'n plakkaat wat COSATU se versoek om die AVWW en beperkings te verwerp en BRON 1D toon COSATU se formele reaksie teenoor die WWAV en beperkings - wat by sy Spesiale Kongres op 14 Mei 1988 aanvaar is
- BRON 1B gee kennisgewing van die spesiale kongres wat gehou sou word vanaf 14–15 Mei 1988 en BRON 1D toon die resolusies wat gedurende die Spesiale Kongres teen beide die wetsontwerp en beperkings geneem is
- Beide bronne toon dat die protesaksies teen die wetsontwerp en beperkings gedurende die Spesiale Kongres op 15 Mei 1988 aanvaar is
- Beide bronne toon dat werkers die wetsontwerp en beperkings moes verwerp/beide bronne dui dat COSATU aangedring het op weerstand
- Beide bronne toon die demokratiese regte van werkers
- Beide bronne dui COSATU se toewyding om weerstand teen die AVWW te bied aan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

- COSATU op 5 Desember 1985 gestig as arbeidsbeweging om die apartheidsregering se arbeidshervormings uit te daag (Bron 1A)
- COSATU president Elijah Barayi verbind dit om die politieke vakuum te vul wat deur die verbaning van die ANC en ander politieke organisasies gelos is (Bron 1A)
- COSATU sou sy lidmaatskap van NUM en FOSATU gebruik om 'n sterk vakbond teen die apartheidsregering te bou (Bron 1A)
- COSATU doen ‘n bereoep vir ‘n nasionale minimum loon en ander voordele vir werkers ( Bron 1A)
- COSATU as 'n vakbond federasie was 'n dreigement vir die apartheidsregering (eie kennis)
- COSATU gebruik plakkate om te kommunikeer en maak sy lede, werkers en die algemene publiek bewus (Bron 1B)
- COSATU doen 'n beroep op werkers om te organiseer en weerstand teen die wetsontwerp en beperkings te bied (Bron 1B)
- COSATU begin om die organisatoriese vakuum wat deur die aanhouding van meeste van COSATU se nasionale en streeksleiers te vul (Bron 1C)
- Doen ‘n beroep op die intrnasionale gemeenskap om sanksies en disinvestering in te stel (Bron 1C en eie kennis)
- COSATU organiseer 'n Spesiale Kongres om op die dreigement wat deur die apartheidsregering daar gestel is te reageer (Bron 1D)
- COSATU verbind hulle om nooit teen die beperkings deur die werkgewer of regering op te gee nie (Bron 1D)
- COSATU organiseer verskillende suksesvolle veldtogte en stakings om die apartheidsregering te druk (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe COSATU in die 1980's teenoor die apartheidsregering se arbeids-hervormings gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe COSATU in die 1980s teenoor die apartheidsregering se arbeidshervormings gereageer het**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe COSATU in die 1980's teenoor die apartheidsregering se arbeidshervormings gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) LEIERS VAN DIE APARTHEIDSREGERING BLOOTGELÊ VIR GROWWE MENSEREGTESKENDINGS WAT TUSSEN 1960 EN 1994 GEPLEEG IS?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- '... om verantwoordelikheid te vermy' (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Definisie van term Bron 2A – V1]*
- Proses om iemand wat 'n politiek-gemotiveerde misdaad gepleeg het, kwytskelding teen vervolging te gee
- Amptelike verskoning of vergifnis vir 'n oortreder wat die volle waarheid rakende politieke misdade wat in die verlede gepleeg is, verleen
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Meeste van die onregverdighede wat in die verlede deur die apartheidsregering uitgevoer is, was teen swarte mense, wie verduidelikings eis om afsluiting te vind
- Die amnestieproses veroorsaak dat diegene wie swart aktiviste gemartel en vermoor het, om skotvry daarvan af te kom
- Die hoë bevel van die veiligheidsmagte wat die instruksies om aktiviste te vermoor uitgevoer het, is nie aanspreeklik gehou nie
- Families en slagoffers het nie altyd die volle waarheid van wat met hul geliefdes gebeur het, gekry nie
- Hulle wou by oortreders self uitvind
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Dat die WVK die waarheid rakende misdade wat in die verlede gepleeg is, ontbloot het om versoening tussen Suid-Afrikaners te bewerkstellig
- Die WVK moet 'n platform skep waar slagoffers en oortreders hul stories kan vertel om diegene wat affekteer is te help om afsluiting te vind en bereid is om te versoen
- Alle Suid-Afrikaners moet die verlede in oënskou neem om genesing en versoening te bereik
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

a)

- '… dat hy ten gunste van algemene amnestie vir oortreders van politiek-geïnspireerde geweld is'
- sy mening dat 'n proses vereis is om Suid-Afrikaners in staat te stel om met die konflik van die verlede vrede te maak in 'n gees van versoening en om sonder verwyte met die toekoms voort te gaan

( enige 1 x 1) (1)

(b)

- ' 'n Algemene amnestie het teen ANC-denke gegaan' (1 x 1) (1)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- '… Botha se regering het 'n beleid van doodmaak van sy opponente aanvaar'
- Marteling
- Ontvoer
- Brandstigting
- sabotasie
- '… gebruik terminologie soos elimineer, neem weg en wis uit...'

(enige 3 x 1) (3)

2.2.2 *[Verduideliking van term uit Bron2B – V2]*

- 'n Netwerk van ondergrondse veiligheidsmaglede wat deur die staat geborg is, verregse groepe en diegene wat teen die ANC is, wat gebruik is om oorname deur die ANC te keer
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- De Klerk wou die waarheid rakende hoe die NP geweld ondersteun het, wegsteek
- Die verslag het die NP regering en sy veiligheidsagente beskuldig
- De Klerk as staatspresident was nie bereid om misdade wat deur die derde magte gepleeg is te ondersoek nie omdat hulle die ANC geneutraliseer het
- De Klerk het toegelaat dat derde mag aktiwiteite onder sy bewind uitgevoer word omdat hulle die NP regering ondersteun
- De Klerk wou nie die risiko loop om verdere onenigheid in sy party toe te laat nie
- Enige ander relevant antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron2B – V1]*

- Kommissaris van Polisie/Van der Merwe (1 x 1) (1)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Enigste lid van die apartheidsregering wat aanspreeklik gehou is/wat aansoek gedoen het vir amnestie
- Adriaan Vlok was die Minister van Polisie in die apartheidsregering wat vir menseregteskendings aanspreeklik gehou is
- Slegs Adriaan Vlok het voor die amnestiekomitee verskyn
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Tutu impliseer dat daar baie ander NP leiers is wat die amnestie proses ontvlug het
- Tutu impliseer dat baie leiers weggekom het omdat hulle nie bereid was om met die WVK saam te werk nie
- Baie leiers was skuldig aan politieke misdade maar was nie aanspreeklik gehou nie
- Tutu as voorsitter het nie die mag gehad om hulle te forseer om voor die Amnestie Komitee te verskyn nie
- Sommige politieke leiers het geweier om voor die WVK te verskyn
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- '… sy rug op die voetsoldate draai …' ( 1 x 2) (2)

2.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- '… alreeds drie keer ontmoet het …
- '… die vierde vergadering beplan het, om hulself voor te berei, vir wat soos die aankomende aanval van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) gevoel het
- ...elke individue verskyn voor die kommissie en vertel sy eie storie alleen

(enige 1 x 2) (2)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Die voetsoldate moet op hulle eie WVK-proses verskyn/ Nie deel van vergaderings met voormalige oud-ministers, generaals en Staatsveiligheidsraad
- Die regering het die voetsoldate mislei wat onder die indruk was dat hulle deur die regering aangestel is om politieke misdade te pleeg
- Die voetsoldate is nie deur die regering beskerm nie en voel dat hulle verraai is deur die regering toe hulle voor die WVK verskyn het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.4 *[Bepaal bruikbaarheid van Bron 2D – V3]*
**Die bron is BETROUBAAR omdat:**
- Die skrywer, Paul Erasmus was 'n ooggetuie wat in die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie gedien het
- Dit is uit Paul Erasmus se belydenis soos in sy biografie geneem
- Paul Erasmus het betroubare inligting van die aktiwiteite van die nasionale Party gehad
- Hy gee sy weergawe oor hoe die voetsoldate gevoel het omdat hulle alleen gelaat is deur die Nasionale Party leierskap
- Die bron stem ooreen met Bron 2B en Bron 2C
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en 2D – V3]*
- In Bron 2C verwys TUTU na die apartheidsleiers wat weggekom het en in Bron 2D ontmoet die veiligheidsraad om hul reaksie teen die aanval van die WVK te beplan
- In Bron 2C blyk dit of die apartheidsleiers opstandig was om as individue voor die amnestieproses te verskyn en in Bron 2D maak hulle voorsiening vir algemene amnestie
- Beide bronne sinspeel op die feit dat die Nasionale Party leiers die WVK proses ontduik het
- Bron 2C wys klein vissies (voetsoldate) wat voor die WVK se amnestieproses verskyn het en Bron 2D verwys na die NP wat sy rug op die voetsoldate gedraai het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die bevordering van die National Unity and Reconciliation Act van 1995 het die basis vir die stigting van die WVK gelê wat oortreders aangemoedig het om die waarheid rakende menseregteskendings oortredings te onthul (Bron 2A)
- Die WVK voorsien die NP van 'n geleentheid om menseregteskendings wat gedurende die apartheid era gepleeg is, bloot te lê(Bron 2A)
- Die WVK skep 'n platform vir slagoffers en oortreders om hul stories te vertel (eie kennis)
- WVK bevindings verklaar dat Botha se regering 'n beleid van doodmaak van opponente (terrein van kriminele wangedrag betree) en was verantwoordelik vir marteling, ontvoering, brandstigting en sabotasie in die 1970s (Bron 2B)
- FW de Klerk is verantwoordelik gehou vir kriminele wangedrag gehou/derde mag deur die WVK (Bron 2B)
- Van der Merwe, Kommissaris van Polisie, was verantwoordelik vir die bomaanvalle op die anti-apartheid organisasies se kantore-Khotso House (Bron 2B)
- Adriaan Vlok, Minister van Polisie, was die enigste groot vis wat deur die WVK gevang was omdat hy 'n minister in die apartheidsregering was (Bron 2C)
- Die voetsoldate van die apartheidsregering het hulle rol in misdade erken en verantwoordelikheid aanvaar en vir amnestie aansoek geddoen (Bron 2D)
- Die apartheidsleiers het ontmoet en ooreengekom met hulle stories en geweier om voor die WVK te verskyn (Bron 2D)
- Die voetsoldate het gevoel hulle is deur die apartheidsleiers verraai en moes verantwoordelikheid aanvaar vir die skending van menseregte (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) leiers van die apartheidsregering blootgestel het vir growwe menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) leiers van die apartheidsregering blootgestel het vir growwe menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) leiers van die apartheidsregering blootgestel het vir growwe menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET MAGTIGE INTERNASIONALE FINANSIËLE INSTELLINGS, NAAMLIK DIE INTERNASIONALE MONETÊRE FONDS (IMF) EN DIE WÊRELDBANK, SEDERT DIE 1980's DIE GEGLOBALISEERDE EKONOMIEË GEVORM?**

3.1 3.1.1 *[Definisie van term uit Bron 3A – V1]*

- Ekonomieë wat toegang het tot bronne van alle lande oral in die wêreld
- Ekonomieë wat voordeel trek uit politieke en ekonomiese bronne wat oral in die wêreld toeganklik is
- Verhoog interafhanklikheid as gevolg van oorgrenshandel
- Ekonomieë wat internasionaal beïnvloed word waar bronne van ontwikkelende lande uitgebuit raak
- Enige ander relevante antwoord' (enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- ‘stel Afrika en swart mense as gemarginaliseerd (onbelangrik) voor’globaliserende ekonomieë soek hulpbronne vanuit alle uithoeke van die wêreld, en geglobaliseerde ekonomieë trek aansienlike voordele uit hulle ekonomieë en politieke oorheersing)
- 'vernietiging van die omgewing
- 'klimaatsverandering'
- 'uitdun van natuurlike en minerale bronne'
- 'arbeidsuitbuiting' (enige 4 x 1) (4)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

Magtige lande en finansiële instellings :

- ontwerp Strukturele Aanpassingsprogramme wat hulleself bevoordeel
- ontwerp beleide wat verseker dat arm en ontwikkelende lande van hulle afhanklik is en het groot wins gemaak
- handhaaf die gaping tussen ryk en arm nasies
- maak buitelandse lenings aan onder-ontwikkelende lande teen hoë rentekoerse en afhanklikheid beskikbaar
- buit die natuurlike bronne en goedkoopaarbeid van arm nasies uit
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse ui Bron 3A – V2]*

- Globalisering sou vanuit 'n Afrika-perspektief toegepas word om Afrika te bevoordeel
- Afrika kan die aanvraag na sy bronne gebruik om die manier hoe internasionale instellings funksioneer positief te beïnvloed
- Afrika kan die aanvraag na sy bronne gebruik om nasionalisme te bevorder
- Afrika kan die aanvraag na sy bronne gebruik om weerstand teen uitbuiting deur internasionale instellings te toon
- Afrika kan sy bronne gebruik om bellegings na te spoor om werskepping en armoede te einde
- Afrika word ‘n geleentheid aangebied om internasionaal handel met Afrika se kommoditeite te dryf
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- '...akute betalingsbalans'
- '...begeleidende ontwrigting van plaaslike produksie het die kontinent se vermoë om buitelandse skuld, wat in beter dae aangegaan is, te diens, laat ondermyn'
- '...Baie lande is wel gedwing om skuld aan te gaan'
- '...Hulle het in besonders na die Internasionale Monetêre Fonds toe gegaan vir betalingsbalans lenings' (4 x 1) (4)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Hulle moes ekonomiese beleide met hierdie instellings as voorwaardes onderteken
- Die ekonomiese beleide wat met internasionale instellings onderteken word, sou Afrikalande aan hierdie organisasies verbind totdat hulle skuld vereffen is
- Afrikalande sou nie 'n sê gehad het in die terme en voorwaardes van die strukturele aanpassings programme nie
- Dit sal Afrikalande altyd afhanklik van buitelandse hulp maak/neo-kolonialisme
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Verduideliking van 'n term uit Bron 3B – V2]*

- Die IMF en Wêreldbank is soos koloniale magte
- Die IMF en Wêreldbank buit Afrika uit met hulle ekonomiese beleide net soos die koloniale magte
- Die IMF en Wêreldbank gebruik strukturele aanpassings programme om voordeel uit Afrika se ekonomie te tref
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.4 [Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]

- Beleid waardeur IMF en Wêreldbank voorwaardelike lenings aan lande tydens ekonomiese krisis voorsien
- Beleid wat deur IMF en Wêreldbank gebruik word om lande in Afrika te stabiliseer en hul ekonomieë te herstel as gevolg van globalisering
- Beleid wat deur IMF en Wêreldbank gebruik was om ekonomiese strukture van lande tot hul voordeel aan te pas
- Beleid wat die rol van die regering verminder deur 'n mark-verwante ekonomie te bevorder
- Beleide wat deur die IMF en Wêreldbank aangebied word om met huishoudelike en internasionale herstel en groei van ekonomieë te help
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

**Kandidate moet óf TOEPASLIK of NIE TOEPASLIK kies**

**TOEPASLIK**

- Ryk lande (ontwikkelde lande) is afhanklik van arm/ ontwikkelende lande se bronne
- Arm lande word uitgebuit
- Enige ander relevante antwoord

**NIETOEPASLIK**

- Ryk lande (ontwikkelde lande) moet arm lande help (ontwikkelende lande)
- Arm lande is bekend vir hulle afhanklikheid van ontwikkelde lande/internasionale instellings
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit t Bron 3C – V2]*

**Stel voor dat:**

- Hulle is gierig
- Monopoliseer bronne van arm lande
- Verryk hulself met bronne van arm lande
- Hulle het beleide in plek wat die ekonomieë van arm lande uitput om hulself te verryk
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- 'Akademia'
- 'navorsing'
- 'onderrig' (enige 2 x 1) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Dit lei na 'n geglobaliseerde ekonomie waarin alle lande bronne deel/ verminder armoede/werkskepping
- Dit skep 'n globale nedersetting waarin onder-ontwikkelende, ontwikkelende en ontwikkelde lande van mekaar se inter-konneksie op die terreine van tegnologie, kuns en kultuur, vervoer ens. baat vind.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- 'guerrillas in Filippyne was van werk voorsien deur 'n Wêreld Bank gefinansieerde projek, terwyl hulle al hul wapens neer lê'
- 'besproeiingsprojekte'
- 'opvoedkundige projekte'
- 'Vigs-projekte (enige 2 x 1) (2)

3.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Baie mense ervaar steeds ongelykheid/armoede/skuld
- Die gaping tussen ryk en arm word groter
- Rykdom is nog steeds ongelyk verdeel in die wêreld'
- Die gaping tussen die ontwikkelde en ontwikkelende lande bestaan nog steeds as gevolg van buitensporige uitbuiting
- Wanbestuur van fondse lei tot korrupsie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4.5 *[Bepaal bruikbaarheid van bewyse uit Bron 3D – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Die skrywer Joseph Stiglitz ervaring het om in internasionale finansiële instellings te dien
- Is eerstehandse inligting/direk uit die bron/getuienis van Stiglitz se ervaring
- Dit gee 'n gebalanseerde assessering van die voordele van globalisering
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3C en 3D – V3]*
- Bron 3C wys ryk lande wat van arm lande afhanklik is maar Bron 3D verwys na ekonomiese ontwikkeling van arm lande as 'n voordeel van globalisering
- Bron 3C wys arm lande wat ryk lande dien terwyl Bron 3D na buitelandse hulp verwys waaruit miljoene mense van arm lande voordeel tref
- Arm nasies word in Bron 3C as swak uitgebeeld as gevolg van ondervoeding en kwesbaarheid terwyl Bron 3D verwys na projekte wat gehelp het om die verspreiding van dodelike siektes te vermy
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bron – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Geglobaliseerde ekonomie is afhanklik van bronne van alle lande in die wêreld (Bron 3A)
- Afrika lande verloor meer in bronne aan die buite wêreld as wat dit ontvang Bron 3A)
- Internasionale finansiële instellings skep globalisering 'van bo-af' (Bron 3A)
- Die internasionale instellings formuleer ongewilde beleide waarby Afrika nie baat vind nie (bron 3A)
- Afrikalande word verbind tot afhanklike verhoudings met internasionale instellings (Bron 3B)
- Afrikalande kan hulle nie self onderhou nie (eie kennis)
- Afrikalande word in skuld gedompel vir hulle ekonomiese herstel (Bron 3B)
- Strukturele Aanpassingsprogramme was in Afrika lande geïmplementeer (Bron 3B)
- Die Strukturele Aanpassinsprogramme het Afrika se ekonomiese strukture aangepas (Bron 3B)
- Buitelandse lenings verhoed Afrikalande om hul ekonomieë te ontwikkel (eie kennis)
- Globalisering word met kolonialisme vergelyk omdat dit dieselfde effek op Afrika lande het (Bron B)
- Internasionale finansiële instellings word as die redders van Afrikalande gesien (eie kennis)
- Buitelandse hulp en projekte kon as 'n voordeel van internasionale instellings gesien word (Bron 3D)
- Kritici vergelyk globalisering met oorwinnende kapitalisme (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe magtige internasionale finansiële instellings naamlik die Internasionale Monetêre Fonds en Wêreldbank die geglobaliseerde ekonomieë sedert die 1980's gevorm het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe magtige internasionale finansiële instellings naamlik die Internasionale Monetêre Fonds en Wêreldbank die geglobaliseerde ekonomieë sedert die 1980's gevorm het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe magtige internasionale finansiële instellings naamlik die Internasionale Monetêre Fonds en Wêreldbank die geglobaliseerde ekonomieë sedert die 1980's gevorm het**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie. Indien hulle saamstem, moet hulle verduidelik hoe die swartmagbeweging daarin geglo het dat swart mense hulself sielkundig moet bevry en selfstandig wees in hul stryd om die apartheidsregering in die 1970's uit te daag. Indien hulle nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hulle argument met relevante historiese bewyse motiveer/ondersteun/staaf.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:
Inleiding: Kandidate kan saamstem of nie met hoe die swartmagbeweging daarin geglo het dat swartes hulself sielkundig moet bevry en selfstandig wees in hul stryd om die apartheidsregering in die 1970s uit te daag. Hulle moet ook aandui hoe hulle hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDINGELABORATION
- Politieke vakuum (Agtergrondinligting)
  - Oorsprong van SB/Geskep nadat ANC- en PAC- leiers en partye in 1960 verban of in die tronk gesit is
- Vestiging van trots en selfvertroue by swart mense om die apartheidstaat uit te daag (SB filosofie)
  - Vestig gevoel van trots by swart mense
  - Beïnvloed swart mense om hulleself te aanvaar/selfvertroue te hê/selfonderhoudend te wees/gevoel van identiteit
  - Bemagtig swart mense om die gees van selfbejammering; minderwaardigheidskompleks; selfvervreemding en dominansie deur eksterne magte te verwerp
- Vestig geloof in by politieke organisasies om die apartheidstaat uit te daag
  - Swart studente het self begin om wit oorheersing teen te staan deur van NUSAS weg te breek en SASO (1968) te vorm
  - Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem (Rol van Biko/SASO)
  - SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skole
  - Swart Bewussyn (SB) het tot die stigting van die Swartmense se Konvensie (Black People's Convention (BPC)) in 1972 gelei wat studente, kerke, gemeenskappe en vakunies betrek het
  - Unies wat hulle met die SB-filosofie vereenselwig het, was die Black Parents Association en die Black Allied Workers Union (BAWU)
  - Die South African Students Movement wat in 1972 gestig is, het swart mense aan die ideale van die SB blootgestel
  - BPC en SASO het FRELIMO-saamtrekke (1974) gereël
  - Die arrestasie van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog

- Het selfgeloof by swart mense gevestig om gemeenskapsprogramme te begin en om selfonderhoudend te wees
  - Biko se verbanning na King Williams Town het die fokus van gemeenskapsprogramme afgelei
  - SB het onafhanklikheid van wit mense bevorder deur Swart Gemeenskapsprogramme om swart mense te ondersteun sonder wit hulp (Zanempilo Health Clinic/Ginsburg Educational Trust/Zimele Trust Fund/Solempilo Community Health Centre/Ithuseng Community Health Programme en Winter School Projects)
- Biko se nalatenskap
- Het selfgeloof by studente gevestig dat hulle die apartheidstaat deur die Soweto opstande kon uitdaag
  - Swart Onderwys het in 1975 Afrikaans as onderrigmedium by skole ingestel
  - South African student Movement in 1972 gestig wat swartes aan SB idees blootgestel het
  - SASO en SASB het die stigting van die Soweto Studente Verteenwoordigende Raad (SSVR) ('Soweto Students Representative Council (SSRC);) beïnvloed
  - Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans verwerp as die taal van die onderdrukker
  - Sommige onderwysers en studente was reeds blootgestel aan die idees van Biko en die SB-filosofie deur middel van SASO-studente-onderwysers van universiteite af
  - Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) was die sneller vir die Soweto-opstande
  - Op 16 Junie 1976 het studente vreedsaam teen die implementering van die omsendbrief betoog
  - Polisiereaksie op die studenteoptogte (Hector Petersen, 'n 13-jarige seun, was een van die eerste ongevalle van hierdie opstand)
  - Studente en leerders het in ballingskap gegaan
- Werkers beïnvloed om apartheidstaat uit te daag
  - Werkers gemobiliseer om vakunies te stig
  - SB het gelei na die stigting van die Black Allied Workers Union (BAWU) – werkstakings in 1973 in Durban)
- Beïnvloed swart mense om hulle eie media te hê om die apartheidstaat uit te daag
  - Die media was simpatiek teenoor die SB-filosofie, bv. *The World* newspaper
  - Nalatenskap van Biko en SwartbewustheidBeweging
- Enige ander relevante antwoord

Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet die stelling krities bespreek dat die pad na demokrasie gekenmerk is deur die voortdurende opkoms van geweld en konflik, wat nie daarin geslaag het om die eerste demokratiese verkiesings in Suid-Afrika voorkom het nie. Kandidate moet gebruik maak van relevante bewyse om hul gebalanseerde argumentslyn te ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem en krities die stelling bespreek dat die pad na demokrasie gekenmerk is deur die voortdurende opkoms van geweld en konflik, wat nie daarin geslaag het om die eerste demokratiese verkiesings in Suid-Afrika gekeer het nie. Hulle moet ook aandui hoe hulle hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDING
- FW de Klerk het in 1989 vir PW Botha vervang
- Ontbanning van/Opheffing van die verbod op ANC, die PAC en die SACP en ander verbanne organisasies (Aanvalle op treine en bewerings van derde mag om onderhandelinge te destabiliseer)
- Vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 en ander verbanne politieke leiers in 1990 (kompromieë deur De Klerk)
- Gesprekke (31 Maart 1990) tussen die ANC en NP uitgestel as gevolg van moorde van ongewapende betogers in Sebokeng (Geweld)
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 – NP laat politieke gevangenes vry en beide partye verbind hulle tot die beëindiging van geweld en onderhandeling
- Geweld in die Vaaldriehoek-Sebokeng (Julie 1990)
- Handgranaat aanvalle by Melrose House Museum (24 Mei 1990) (geweld)
- Pretoria-minuut in August 1990 – ANC staak gewapende stryd en NP staak noodtoestand
- Nag aanvalle in Thokoza (13 September 1990 (geweld)
- Die Nasionale Vredesooreenkoms is deur 27 politieke organisasies onderteken
- KODESA 1 (20 Desember 1991) – 19 politieke partye, behalwe Konserwatiewe Party (KP) en Pan Africanist Congress. NP kritiseer ANC omdat hulle nie MK ontbind het nie en dat hulle MK as 'n privaatweermag hou
- Partye kon nie ooreenkom oor magsdeling en grondwetgewende vergadering nie – vergadering is beëindig
- Die Verklaring van Voorneme – partye het ooreengekom om 'n nuwe Konstitusie saam te stel en ook 'n tussentydse regering daar te stel
- Referendum slegs vir wit mense – De Klerk het wit mening getoets nadat drie tussenverkiesings aan die KP verloor is, uitslag wegholoorwinning vir Ja – onderhandelinge het voortgegaan
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – het nie lank voortgegaan nie as gevolg van geweld en onvermoë van partye om oor magsdeling ooreen te kom (konflik)

- Boipatong-slagting en invloed van Derde Mag (17 Junie 1992) (geweld)
- Bisho-slagting (September 1992) (geweld) – ANC-ondersteuners wat deel van die onderhandelingsproses wou wees ('n keerpunt waarna die onderhandelinge proses ten gunste van die ANC was (geweld)
- ANC het beroep gedoen vir uitgebreide massastakings teen die Nasionale Party (konflik)
- Druk vanaf Concerned South Africans Group (COSAG)-Oktober 1992(konflik)
- Rekord van Verstandhouding (September 1992) – Meyer en Ramaphosa het hulleself aan vrede en aan die onderhandelinge toegewyd. Meyer en Ramaphosa het tot Joe Slovo se oorgangsklousule ('Sunset Clause') ingestem
- Partye wat meer as 5% van die stemme verwerf, sal 'n regering van nasionale eenheid stig om die nuwe SA te regeer en wit mense sal hulle werk vir 5 jaar behou
- Veelpartyonderhandelinge het by die Wêreldhandelsentrum hervat maar dit het nie lank voortgegaan nie (konflik)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) – Janus Walus (geweld)
- Mandela spreek die nasie toe op TV – kalmeer die nasie
- Die AWB het die onderhandelinge op 25 Junie 1993 onderbreek toe hulle die Wêreldhandelsentrum met 'n pantservoertuig bestorm het
- St James-slagting (25 Julie 1993) (geweld)
- Heidelberg-taverne-skietvoorval (30 Desember 1993)(geweld)
- Shell House-slagting (28 Maart 1994)
- Datum vir eerste demokratiese verkiesing vasgestel (27–29 April 1994)
- Voortgaande geweld regdeur verkiesing – motorbom buite ANC-hoofkantoor
  - Motorbom ontplof by Jan Smuts-lughawe (geweld)
- Verkiesing gehou in 1994
- Uitslag van verkiesing: ANC 62,7%, NP 20,4% en IFP 10,5%
- ANC, NP en IFP vorm die Regering van Nasionale Eenheid soos in die Oorgangsklousule ooreengekom
- Mandela word die eerste swart staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid Afrika met Thabo Mbeki en FW de Klerk as sy adjunkte
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie in die middel 1980s de Klerk beïnvloed het om politieke veranderinge in te stel, wat die weg vir onderhandelinge vir 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994 gebaan het. Kandidate moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem deur te verduidelik tot watter mate Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie in die middel 1980s de Klerk beïnvloed het om politieke veranderinge in te stel, wat die weg vir onderhandelinge vir 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994 gebaan het. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun/motiveer.

UITBREIDING
- Sowjetunie ondervind moeilike ekonomiese toestande (Agtergrond)
- Gorbachev neem leierskap posisie in Sowjetunie in 1985 oor en stel 'Perestrioka' en 'Glasnost' in
- Perestroika het kleinskaalse privaat eienaarskap en regeringsbeheer oor produksie toegelaat – beweeg weg van Kommunisme af
- Perestroika en glasnost het gelei tot eise dat kommunisme beëindig word en volle demokrasie
- Lei tot die einde van kommunisme en Koue Oorlog/Rusland was nie meer as supermoondheid beskou nie/Kommunisme word nie meer as globale dreigement gesien nie
- Die VSA en sy bondgenote kon nie meer voortgaan om die apartheidsregering te ondersteun nie
- VSA en sy bondgenote kon nie meer voortgaan om die apartheidsregering te ondersteun nie
- Die Weste plaas druk op die NP regering om met die ANC te onderhandel of sanksies word voortgesit
- Die ineenstorting van die Sowjetunie plaas druk op beide die Nasionale Party en ANC om te begin onderhandel
- Die nederlaag van die SAW tydens die Slag van Cuito Caunavale in 1988 het die Nasionale Party aangemoedig om met kommuniste te onderhandel oor die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika
- Suid-Afrika het uit Suidwes-Afrika onttrek – SWAPO het die verkiesing gewen (1990) en dit Namibië genoem
- Die vreedsame oorgang vanaf blanke minderheidsregering tot Swart meerderheidsregering in Namibië het as 'n bloudruk vir SA gedien om dieselfde te doen (bydraende faktor)
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie blanke oppergesag-regering onbepaald kan handhaaf nie (bydraende faktor)

- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord was vir die ontwikkeling van 'blanke ekonomiese'- belange nie
- Die regering het begin glo dat hervormings nodig was vir die ontwikkeling van 'n sterk swart middelklas as 'n 'bolwerk teen rewolusie'
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om Westerse ondersteuning te kry nie
- Suid-Afrika kon nie meer op Westerse steun staatmaak vir sy 'antikommunisties standpunt nie
- Wêreldpolitiek het verander en die het 'n invloed op Suid-Afrika se apartheidsbeleid
- Konstruktiewe onderhandelinge tussen FW de Klerk en Reagan (VSA President) met Margaret Thatcher (Britse Eerste Minister) gefasiliteer deur Chester Crocker
- Die apartheid regime kon nie meer kommunisme gebruik om sy rasse segregasie beleid te regverdig nie
- Die Nasionale Party se aandrang dat dit Suid-Afrika van 'n kommunistiese aanslag beskerm het, het onrealisties geword
- De Klerk het gedink dat die ANC swak was en sy gewilligheid gewys om met hulle te onderhandel
- Die USSR kan nie meer die ANC finansieel ondersteun nie want dit was bankrot
- Die USSR wou nie meer die ANC met wapens ondersteun nie omdat dit ten gunste was van vreedsame onderhandeling
- Die ANC was nie meer in staat om die gewapende stryd teen die NP voort te sit sonder hierdie militêre en finansiële ondersteuning nie
- Die ANC het ook nou 'n bereidwilligheid getoon om met die NP te onderhandel as 'n alternatief vir die gewapende stryd
- FW De Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid was nie 'n sameswering wat uit Moskou bestuur was nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies te onderhandel om 'n blywende oplossing vir Suid-Afrika te kry
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk ontbanning van alle anti-apartheid organisasies aangekondig en dit het die weg gebaan vir veelparty onderhandeling
- Hierdie onderhandeling het uiteindelik aanleiding gegee tot demokratiese verkiesings wat gedurende 1994 gehou was
- Enige ander relevante antwoord
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou